

**8 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 22:63-23:12**

### **Ons Here Jesus is onskuldig bevind**

Die Joodse leiers het klaar besluit dat Jesus moes sterf. Hy moes sterf al was Hy onskuldig.

Die Joodse raad moes eerstens 'n aanklag formuleer en so tot 'n voorlopige bevinding kom. Volgens Joodse reg moes 'n saak in die mond van twee of drie getuies vasstaan. Daar was egter nie genoegsame getuienis vir 'n saak wat voor die Romeinse regbank kon dien nie. Uiteindelik is die klag by Pilatus dat Jesus beweer dat Hy die Christus, die koning is. 'n Koning kon vir die Romeinse regering in Palestina 'n bedreiging inhou. Daarom, sonder enige getuienis daarvoor, beweer hulle dat Hy die volk sou aanhits en belet om aan die keiser belasting te betaal.

Pilatus het dié klag beoordeel en 'n bevinding gemaak: *"Ek vind geen skuld in hierdie man nie"* (Lukas 23:4).

Hy ervaar egter die druk van 'n skare wat bloed soek en gee hulle nog 'n kans om hul sin te kry deur Jesus na Herodes te verwys. Herodes kan ook, ten spyte van heftige beskuldigings deur die priesterhoofde en Skrifgeleerdes teen Hom geen skuldigbevinding doen nie (Lukas 23:10). Daarom stuur hy Hom terug na Pilatus (Lukas 23:15). Jesus was voorwaar onskuldig.

Hierdie gebeure bevestig die evangelie dat Hy as onskuldige ons skuld kon betaal.

Sing: Skrifberyming 7:4

Ds PA Odendaal (Evander)